



Mike Fokoroni Foto: NASIEF MANIE

'Caroline, Mike sal Sondag ook wen'

Sarel van der Walt

Pretoria. – Vanjaar se Twee Oseane-kampioene, Mike Fokoroni (mans) en Caroline Wöstmann (vroue), sal ook Sondag die 91ste Comrades tussen Pietermaritzburg en Durban wen.

Dié voorspelling kom van Dewald Steyn, bestuurder van verskeie Zimbabwiese atlete wat oor die jare in die Twee Oseane glorie geproe of goue medaljes losgehardloop het.

Fokoroni, wat vir die Nedbank-klub hardloop, is een van Steyn se atlete.

Dié Zimbabwiër het in die Paasnaweek die Twee Oseane oor 56 km maklik in 3:13:33 gewen.

Steyn meen Fokoroni het dié dag nie baie hard gehardloop nie.

“Hy het boonop die eerste keer behoorlik op sy voorbereiding vir die Comrades gefokus. En hy is ’n baie sterk atleet en gaan Comrades toe met net een groot doel: Om te wen.”

Fokoroni het drie jaar gelede agtste geëindig.

Daarna het hy lank met beseerings gesukkel, maar dit is nou iets van die verlede.

Fokoroni het hom sedert die Oseane in Zimbabwe vir die Comrades voorberei.

Die 39-jarige atleet het wye internasionale ervaring.

Sy beste marathontyd is 2:13:17. Hy het met dié tyd in 2008 op die Olimpiese Spele in Beijing ’n 11de plek losgehardloop.

Steyn, wat onlangs ’n reeks boeke oor die geskiedenis van Suid-Afrikaanse atlete in die middel- en langafstande, asook stap, die lig laat sien het, meen Wöstmann (KPMG) is in ’n klas van haar eie.

“Daardie vrou is iets onge-loofliks.

“Ek beskou haar, wyle Isabel Roche-Kelly en Frith van der Merwe as die drie beste vroue-ultra-atlete nóg in Suid-Afrika,” het Steyn gesê.

Wöstmann het op haar beurt gewaarsku niks is in ’n moeilike wedloop soos die Comrades gewaarborg nie.

“Jy kan op die beste peil van jou loopbaan wees, maar op die dag van die wedloop kan jy met die eerste tree al voel dit sal ’n moeilike dag wees,” het Wöstmann luidens ’n verklaring van die Universiteit van Pretoria se hoëprestasiesentrum (hpc) gesê.

Dié senior oud-lektor van Wits wat in Pretoria woon, oefen by die hpc onder die wakende oog van die afrigter Lindsey Parry.

Die 33-jarige Wöstmann meen daar is nie vanjaar soveel druk soos verlede jaar op haar om te wen nie.